Kotze

Die stamvader van die Kotzes in Suid-Afrika is ene **JOHANN KOTZE**. Hy is gebore in Konigstein, Sakse, op 25 Januarie 1652. In 1234 was sy voorvader **HERMAN KOTZE** tot ridder geslaan en sy nageslagte het in die oorloë van Reformasie geveg. Vandag is die oorblyfsels van die kasteel Gross Germersleben naby Magdeburg nog te vinde. Die kasteel is deur die „Ritter von Kotze" in 1849 aangekoop.

JOHANN KOTZE het in die Kaap aangekom van Bijksloot naby Amsterdam, Holland, waar hy hom eers gevestig het na hy Duitsland verlaat het. Hy is met sy derde vrou, Hildegonda Boonen, in Rotterdam getroud in 1690. Haar vader was die dominee van Rotterdam en haar ouma die suster van Admiraal van Gaalen.

Die egpaar het in die skip „Pampas" hier aangekom op 13 Mei 1691. In 1698 is Johann terug Holland toe op besigheid en weer terug op 6 Mei 1701. Hildegonda is die volgende Augustus oorlede en twee jaar daarna is Johann met Hendrina van Hoeting getroud. Dit was die eerste troue in die „Groote Kerk" in Adderleystraat, Kaapstad.

CHRISTIAN KOTZE, seun van Johann Kotze, het as soldaat van die H.O.I.K. in die Kaap aangekom waar hy in 1696 en 1697 as boerkneg vir sy vader werksaam was. Op 1 Desember 1697 is hy met Judith Kling van Kalmar, Swede, getroud. Hulle twee seuns was **JOHANNES CHRISTIAAN KOTZE** en **CHRISTIAAN KOTZE**.

Die Kotzes was welvarende boere in die 18e eeu en hulle huis en meubels was beskryf as van die beste in die land.

'n Ander tak van die familie was **HENDRIK NICOLAAS KOTZE** en hy is met Jacoba Scholtz op 1 Januarie 1769 getroud. Hulle het hulle op Stellenbosch gevestig.

Die Kotzes se wortels was meesal in die Kaap geplant en al verwysing na die naam op die Groot Trek is **J.J. KOTZE en J.S. KOTZE** wie 'n gedenteken geteken het op 1 Augustus 1845 wat aan Kmdt. Adries Potgieter gerig is.

PETRUS JOHANNES KOTZE, Volksraadslid van die Kaap gedurende 1859–1863 en 1866–1868, het Leeuwenhof (nou die amptelike woning van die Administrateur van die Kaap Kolonie) in 1854 gekoop; die grond het hy reeds in 1842 gekoop.

Twee beroemde Suid-Afrikaners is gebore te Leeuwenhof. Hulle is die omstrede predikant **JOHANNES JACOBUS KOTZE** en **SIR JOHN KOTZE**. **Eerw. J.J. KOTZE** was die middelpunt in die historiese dwaaller saak. Die sinode het hom geskors en later hom as dominee onthef. Hy het intussen 'n siviele saak teen die sinode ingestel en die hof het bevind dat die sinode onreëlmatig opgetree het en hulle beslissing verwerp. Sy gemeente op Darling het hom die hele tyd trou bygestaan.

SIR JOHN GILBERT KOTZE (gedoop Johannes Gijsbert) was die beroemde Hooggeregshof Apél Regter. Hy is in 1877 deur Pres. Burgers as Regter van die Transvaal Hooggeregshof aangestel en is in 1881 as Hoof Regter aangewys. In die 1893 verkiesing het hy teen Paul Kruger en Piet Joubert gestaan maar hulle het albei meer stemme as hy gekry. In 1894 het hy besluit dat die Hooggeregshof die reg gehad het om wetgewing in die lig van grondwet te toets en dat 'n beslissing van die Volksraad geen wettige effek het. Pres. Kruger het gemeen dat die Volksraad die hoogste mag in die land was en het Regter Kotze ontslaan. Regter Kotze is later aangestel as Prokereur Generaal van Rhodesië. Na sy terugkeer in 1922 na die Kaap is hy as Apél Regter van Suid-Afrika aangestel. Hy is in 1917 tot ridder geslaan.

Ds. J.J. Kotze se seun was **SIR ROBERT NELSON KOTZE**, die beroemde myn ingenieur. Hy het die „Konimeter" ontwerp wat stof in die lug van die myn meet en het op verskillende kommissies i.v.m. silikose en diep-mynwese gesit. In 1918 is hy tot ridder geslaan. Hy was ook Volksraadslid van Springs vanaf 1929 tot 1938.

Beroemde Kotzes in die sakewêreld is **PHILIPPUS JACOBUS KOTZE**, besturende direkteur van K.T.J. Beleggings, en **WILHELM DE VILLIERS KOTZE**, voorsitter van Ryk Tulbagh Finans Korporasie. Die Transvaalse direkteur van Onderwys is **ANDRIES LODEWIKUS KOTZE** terwyl **GERHARDUS PETRUS CHRISTIAAN KOTZE** regter van die Hooggeregshof is.

Ander Kotzes wat naam gemaak het is die N.G. Predikante **CHRISTIAAN RUDOLPH KOTZE** en 'n ander **JOHANNES JACOBUS KOTZE** en die beroemde perdeteler van die 19e eeu **J.J. KOTZE**.